DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

***Eredienste* begin *09:30***

## 11 Junie 2023

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** Jesaja 55

**Tema** ***Kom na God se fees, jou naam is op die gastelys***

**Sang**
Psalm 107: 1, 10
Skrifberyming 12-3: 1, 2
Skrifberyming 14-3: 2, 4
Lied 203: 1, 3
Psalm 23: 3
Psalm 116: 1, 10
Skrifberyming 10-2

Jesaja skryf aan die volk in ballingskap. God roep na hulle soos 'n water-verkoper. Hy roep Sy volk om by Hom gratis genade te kom ontvang.  Die ballinge is omring deur vreemde gode en vreemde gebruike. Die oproep is 'n beeld vir die oorvloed voeding en versorging wat God gee. Hy gee nie 'n bietjie vergiffenis nie, maar al die vergiffenis wat jy nodig het. Nie net 'n bietjie liefde en erkenning wat mense jou (soms) gee nie, maar al die liefde en erkenning wat jy nodig het. Nie 'n bietjie barmhartigheid nie, maar alles waarna ons smag.

God se gawes en seëninge vir sy verbonsvolk is: vergifnis, genade en versoening. Dit is gawes wat Babel nooit kan gee nie. 'n Uitnodiging aan almal wat honger, dors en moeg is om te drink uit die stroom van God se genade. Daarom die indringende vraag: Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie?

Waarom werk julle vir dit wat nie kan versadig nie? Waarom en vir wie hardloop julle so rond? God skeep nie af wanneer Hy gee nie. Water, brood, melk en heuning en alles wat goed is, ja, die beste wat daar is, is gratis vir almal by Sy fees beskikbaar. Nog meer, God belowe om hulle dieper honger en dors te stil. Wie na Hom luister, sal lewe. Letterlik verklaar vers 3 dat hulle siel sal lewe! En ons lewe deur Jesus ons Here en Verlosser. Nagmaal bevestig dit vandag weer!!

Israel het so vasgekyk teen hulle omstandighede dat hulle nie God se groter plan met hulle raakgesien het nie. Die ballingskap was nie die einde van die pad nie. God sou binnekort die heidense koning, Kores, gebruik om hulle terug te lei na hulle land. Intussen het hulle 'n roeping gehad. God gebruik die volk om Sy getuies te wees (4-5). Hulle plan was waarskynlik om net te oorleef. God se plan was om hulle nuut te laat lééf, nuut te laat kyk na Hom, hulleself en hulle omstandighede. Die Heilige Gees open ons oë vir die Here en sy plan met ons. Hoe maklik voel ons te na gekom en verontreg? Dan kla en blameer ons die hele tyd ander mense en ook God. Sy planne en gastelys is en lyk anders as ons planne. Niks is vir Hom onmoontlik nie. Ons kan met nuwe hoop en nuwe vertroue die toekoms binnegaan.

Die Here verander ons deur ons denke te vernuwe (Rom 12:1-2). Hy wil ons nuut laat dink oor ons menswees, ons identiteit en ons roeping. As ons oë oopgaan vir die nuwe wêreld waarheen God met ons op pad is, word ons God se medewerkers wat nou al, in die winter van hierdie ou wêreld, tekens van die Here se liefde, geregtigheid en trou oprig. Tekens wat verkondig: Die winter is byna verby, God se ewige somer kom. Sien en hoor God se plan wat ver bo ons planne en gedagtes is. Gryp dit vas. Wees aan Hom alleen gehoorsaam. Jy sal vrede vind wat die wêreld nie vir jou kan gee nie, maar verseker ook nie van jou kan wegneem nie.

# OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Truia Pretorius wat steeds in Unitas se Hoësorg is. Ons is dankbaar dat dit met Kudu beter gaan.
* Ons bid vir Elizabeth Hurter wat geval en haar elmboog gebreek het. Sterkte met die herstelproses.
* Ons bid vir Marius Kruger wat wag om te hoor wanneer daar 'n verdere prosedure met sy hartare moet gebeur. Sterkte vir jou en Harriet.
* Ons bid vir Lynn O'Reilly wat steeds aansterk na die operasie.
* Baie geluk aan Nico en Annelie Coetsee met Anika se geboorte. Mag sy vir julle almal 'n groot vreugde wees. Baie geluk oupa Stephan en ouma Daleen met die dogtertjie in julle lewe.
* Baie geluk aan Hendri en Daleen Korff met Madeleen en Hannes se troue Saterdag.
* Tialeen wil almal bedank wat haar die afgelope 18 maande bygestaan het na die beroerte, die inwendige bloeding, die hospitaalsessies en die afgelope tyd se operasies. Baie dankie vir julle omgee en liefde wat ons kon beleef in die bosse blomme, die kuiers en die aflaai van heerlike disse by die pastorie (daarom kan die dominee nie by sy dieët bly nie). Ons waardeer dit opreg.
* Baie geluk Andries en Marisa Linde met die kleinseun wat die naweek die opwagting maak. Ons glo dat alles voorspoedig sal verloop met die bevalling.
* Baie dankie Renchia Grobbelaar dat jy ons vandag be gelei het. Ons waardeer dit baie.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 11 Junie 2023

**Diensbeurt:** Wyk 6 **Katkisasie:** Geen
**Ouderling:** Kobus Coetzee **Diaken:** Matthew Llewellyn

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Susters word versoek om asb Sondae hand by te sit om koffie en tee te bedien na die erediens. Susters sal nie meer genomineer word om na eredienste koffie en tee te bedien nie.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (So) 11 Junie | 08:00 | *Kerk* | Ouderlingevergadering |
| (Ma) 12 Junie | 18:00 | *Kerk* | Diakonievergadering |
| (Ma) 12 Junie | 18:00 | *Kerk* | Sustersbestuur |
| (Di) 13 Junie | 09:00 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Di) 13 Junie | 10:00 | *Savanna Mall* | Silwerdoppers **(Ten Pin bowling)** |
| (Wo) 14 Junie | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |




# KALENDER




| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Datum*** | ***Naam*** | ***Ouderdom*** | ***Belydend / Doop*** | ***Sel/Tel no.*** |
| (Di) 13 Jun | Lene Potgieter | 23 | B | 073 001 2904 |
| (Wo) 14 Jun | Rika Jongbloed<br>Welize Stander | 67<br>12 | B<br>D | 072 189 9319<br>082 477 8009 |
| (Do) 15 Jun | **Annelize v Tonder** *<br>Annelie Coetsee<br>Annemie Venter | **71**<br>23<br>6 | B<br>B<br>D | 082 257 8592<br>076 785 6161<br>083 397 6685 |
| (Vr) 16 Jun | **Elmaree Peyper** *<br>Deon Grobler | **73**<br>59 | B<br>B | 082 795 9630<br>083 276 3701 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mens, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.**

**1 Timoteus 2:5 en 6**

## KOLLEKTES

**Kollektes Junie 2023**



**Tydends erediens:**

**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**~~4 Junie Teologiese Studente Kas~~**
**11 Junie Emeritaatsversorging**
**18 Junie GKSA Sustentasie Fonds**

**"n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

## STAP - VIR - BYBELS




## SILWERDOPPERS

Al die **Silwerdoppers** moet onthou dat ons **13 Junie weer "Ten Pin owling"** gaan speel.



Ons kom almal **10:00** bymekaar by Savanna Mall, om weer lekker te lag en saam te kuier.

**Vir navrae en vervoer kontak Marina vd Walt op 072 135 6905.**

# GEMEENTE KUIER



**Op Vrydag 23 Junie sal die braaivleis vure weer hoog brand want ons beplan 'n gemeente kuier vanaf 18:00.**

**Bring jou T-bone, Sirlion, Rump of hoender en kom braai lekker saam met ons. Pap en sous is bekikbaar.**

**Onthou asb ook jou eie eetgerei en drinkgoed.**

**Kom en geniet die aand saam met ons.**

Adobe Stock | #145461155

# BOERE-ONTBYT

**Die Aktiwiteitskommissie bied op 22 Julie 2023 vanaf** 08:00 'n heerlike boere-ontbyt aan by die kerk.

**Daar gaan heerlike wors, spek, hoenderlewertjies, pap en eiers, vars gebakte brood met konfyt en nog baie meer bedien word.**




Skryf julle name op die lys agter in die portaal.

**Vir slegs R70.00 per volwassene en hoërskoolleerder en R40.00 per laerskool kind** is hierdie voorwaar 'n winskoop wat nêrens anders gevind sal word nie.

**Kaartjies nou beskikbaar** by die kerkkantoor asook by lede van die Aktiwiteitskommissie.

**ONTHOU asb die datum!!!**


# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Geen salf te smeer nie?**

**Die koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy land geplant het.**

**Matt 13:31b**



**Laat ons altyd op die Here vertrou..**

**God se werk kan nie volgens menslike maatstawwe gemeet word nie. In die piepklein mosterdsaadjie lê die krag van 'n boom opgesluit.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



**In ‘n handjievol dissipels het die toekoms van die ganse kerk gelê.**
**God se werk is verstommend. Waar Hy werk kan niks Hom keer nie.**



## Praat saam….

**Moet die dag van klein dingetjies nie verag nie..**

**Moet nooit dink dat jou klein beskeie bydrae nie vrug sal lewer nie. Saai die saad, al is dit ‘n klein mosterdsaadjie..**

**Hou aan bid vir jou afgedwaalde kind, buurman, vriendin..**

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggende na die erediens |
| | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

**Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.**

*" Kom, almal wat dors is,*
*kom na die water!*
*En wie geen geld het nie,*
*kom koop en eet!*
*Kom koop sonder geld,*
*sonder koste, wyn en melk!*

*Jesaja 55: 1*



**ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS**